HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 17 van 2026

3 Februarie 2026

Geagte Fietsryouers/-voogde

Ons verwelkom graag almal terug na die jaar se fietsry en, na afloop van die suksesse wat ons in 2025 behaal het, is ons baie opgewonde om te sien wat 2026 vir ons inhou.

Oefenprogram:

Ons oefenprogram word hierdie jaar 'n bietjie aangepas. Vanaf die tweede kwartaal sal ons met amptelike skooloefeninge begin – twee dae per week van 15:30 tot 17:00. Een dag sal dit by Deltapark en 'n ander middag by St. Stithians plaasvind. Ons sal die spesifieke dae bevestig (moontlik Maandae en Donderdae) – as daar te veel ander sporte daarmee bots, kan ons altyd daarna kyk om die middag te skuif. Leerders en ouers is meer as welkom om hierdie geleentheid saam te kom geniet – almal moet wel met eie vervoer daar uitkom. Hier sal die skool se fietsry-afrigter, Eddie Roller, ons help met die voorbereiding vir die skolereeks wat in Mei begin, vir die wat graag as deel van die skool se span wil inskryf.

Indien leerders belangstel om nou al in groepe te begin oefen, kan hulle gerus vir Meneer Eddie kontak, wat 'n paar keer deur die week by Delta Park saam met 'n groep mense gaan oefen. Die spruit is 'n baie populêre roete en dus is daar altyd mense wat daar stap en fietsry. Hierdie roete is oop vir enigeen en dit kan ook enige tyd van die dag gebruik word. Dit is belangrik om altyd as 'n groep saam te bly om enige sekuriteitsrisiko's te verminder. Daar is wel ook in 2021 'n *Trail Guardian* gestig om met sekuriteit op die spruitroete te help.

Ons sal ook weer hierdie jaar, soos wat ons al in die verlede het, 'n oefening of twee saam met laerskole aanpak. Hierdie geleentheid is daar om van kleins af al 'n liefde vir fietsry by laerskoolleerders te kweek, maar ook sodat ons 'n gevoel van samehorigheid met laerskoolfietsry kan bou.

Bepalings 2026:

Die skolereeks word deur *CycleLab* gereël en die bepalings is tentatief soos volg:

Datum	Bepaling	Plek
Sal nog bevestig	*Captain's armband evening*	*CycleLab* Lynwood
9 Mei 2026	Resies #1	t.b.c
13 Junie 2026	Resies #2	t.b.c
15 Augustus 2026	Resies #3	t.b.c
29 Augustus 2026	Resies #4	t.b.c
12 September 2026	Resies #5	t.b.c
Sal nog bevestig	Reeks-prysuitdeling	*CycleLab* Fourways
30 September – 3 Oktober 2026	Nasionale finaal	t.b.c

Populêre *venues* in die verlede was al Hoërskool Monument, HTS John Vorster, Steyn City of Prime View. Ons wag nog vir finale *venues* en sal u so gou as moontlik laat weet. Indien 'n bepaling verander, sal ons alle ouers op die *WhatsApp* groep in kennis stel.

Nie al die fietsrybepalings is verpligtend nie, maar hoe meer leerders ons het wat vir die skool fietsry, hoe meer punte gee dit vir ons skool en daarom sal ons 'n beter posisie op die finale dag hê. Daar is geen proewe vir ons fietsryspan nodig nie. Indien die leerders aan die *CycleLab* fietsryreeks deelneem, is hulle automaties deel van die span. 'n Leerder se vier beste resultate word in ag geneem wanneer *Gauteng School Cycling* spanne vir die nasionale finaal kies. Slegs leerders wat aan ten minste vier van die vyf bepalings deelgeneem het en ten minste 50% van amptelike oefeninge bywoon, kan by hierdie span ingesluit word (dit tel vir die skoolfinaal-span asook provinsiale span).

Inskrywings:

Die skool betaal die affiliasiefooi vir die leerders om aan die skolereeks deel te neem. Elke leerder/ouer is vir die inskrywingsfooi vir elke bepaling verantwoordelik. Sodra die leerder die resies voltooi, sal hulle aan die einde 'n *CycleLab* bewys vir dieselfde bedrag as die inskrywingsfooi ontvang. Indien julle meer vrae oor die *CycleLab* reeks het, kan julle gerus die webtuiste gaan besoek:

https://cyclelabmtbseries.co.za/

Finaal-naweektoer:

Hierdie jaar vind die nasionale finaal van 30 September tot 3 Oktober 2026 plaas. Indien die *venue* weer verder as 250km is, sal ons weer bepaal of dit nodig sal wees dat ons as span saam vir die hele naweek met die bus soontoe ry. Die res van die toer sal verder dan soos 'n gewone skooltoer werk waar elke persoon self vir die verblyf by die koshuis moet betaal. Verlede jaar het *CycleLab* 'n eenmalige bedrag vasgestel wat verblyf en kos insluit en ons sal dan ook volgens dit werk. Hierdie spanne word eers na die laaste resies bekendgestel. Neem asseblief kennis dat slegs leerders wat aan ten minste vier van die vyf bepalings deelgeneem het en ten minste 50% van amptelike oefeninge bygewoon het, kan by hierdie span ingesluit kan word. **Ons sal wel vereis dat alle fietsryers wat aan hierdie byeenkoms deelneem in die koshuis of in die dorp moet bly, aangesien ALLE leerders by die Saterdagoggend optog moet wees en by die Saterdagaand Randburg *Social* moet wees.** Vorige finale was in Brits of Piet Retief – ons sal u betyds van die jaar se *venue* laat weet.

Fietsrybenodighede:

- **Fietsrybenodighede:** Dit is belangrik dat leerders nou al seker maak hulle het alles om saam te kan fietsry. Die volgende is uiters belangrik gedurende oefening: fiets, waterbottel en helm. Ander items wat tydens jou fietsrit benodig word, is: 'n bom/pomp en, indien jy binnebande het, 'n spaarband en bandlepels. Dit is ook belangrik om gereeld jou fiets te laat diens. Ons het kontaknommers van mense wat fietse kan diens, vra gerus indien nodig.
- **Resieskleredrag:** Vir die resies moet alle leerders die Randburg fietsryhemde dra, asook 'n **swart fietsrybroek** (hierdie broek moet geen kleurstrepe hê nie). Asook die blou Randjie sokkies. Indien kleredrag nie voldoende op die sportveld is nie, sal 'n leerder nie toegelaat word om aan die resies deel te neem nie.
- **Opwarmkleredrag:** Ons het leerders wat voor 'n wedstryd graag hul bene solank wil warm kry, wat dan op *rollers* opwarm. Ons wil graag weer kyk om die vlootblou *(navy)* T-hemde te laat druk waarin hierdie leerders kan opwarm sodat ons steeds soos 'n span lyk. Indien jy nie so 'n hemp het of gaan aankoop nie, vra ons dat daar tydens opwarming slegs **vlootblou hemde** gedra word en saam met dit ook die skool se vlootblou LO-broek bo-oor die fietsrybroek, indien nodig.
- **Bestellings:** Ons wil so vroeg as moontlik bestellings vir die opwarmingshemde en fietsry-hemde vir alle nuwe leerders afhandel.

Tuisonderrig-leerders:

Gauteng School Cycling het in hulle nuwe skrywe gesê dat daar slegs twee seuns en twee dogters wat tuisonderrig-leerders is, 'n skool mag verteenwoordig. Sover ons kennis strek, is ons nog binne hierdie riglyn. In die toekoms sal ons gevalle moet hanteer soos wat die situasie vereis, indien daar meer as vier leerders is. Tuisonderrig leerders sal wel 'n bedrag aan die skool moet

betaal om te registreer as 'n leerder wat vir ons skool wil deelneem – ons sal apart briewe aan hierdie ouers gee.

Kriterium:

In 2025 was daar die eerste skole Krit (padfiets). Ons is opgewonde vir die dissiplines wat vir fietsry uitbrei en sal graag leerders daarvoor ook wil beloon. Sodra ons datums vir 2026 se Krit het, sal ons u op die *WhatsApp* groep in kennis stel en sal ons graag Randburg se naam daar ook groot wil maak en dus padfiets ook deel van ons skool se dissiplines maak.

***WhatsApp* groep:**

Ons het 'n Randburg fietsry *WhatsApp* groep gestig. Maak asseblief van die volgende *QR*-kode gebruik om deel van hierdie groep te word, of gebruik die volgende skakel:

https://chat.whatsapp.com/LswdWC21ebj6Kk5BmrHJGJ

Alle inligting oor bepalings en weeklikse oefeninge sal hier gekommunikeer word en dit is ook 'n goeie platform waar kinders idees oor fietsry met mekaar kan deel.

Vrywarings- en mediese vorms:

Agter aangeheg is mediese en vrywaringsvorms wat vir elke leerder ingevul moet word en by mev. Christa Snyman, of mev. Ria Hoar ingehandig moet word **voordat enige oefeninge of resies bygewoon kan word.**

Erekleure:

Ons skool gee erkenning aan enige leerder wat presteer. Vereistes vir erekleure vir fietsry is dat jy by die skolekompetisies vir die skool moet deelneem en dan provinsiale kleure in daardie dissipline verkry (m.a.w. *CycleLab*-reeks-deelname en provinsiale kleure vir XCO, XCM, en XCC). Indien daar genoeg belangstelling in padfiets is – Skole-*krit* en provinsiale kleure vir padfiets). Indien 'n leerder die skool by die nasionale finaal verteenwoordig, sal hulle ook erekleure verkry.


Indien 'n leerder provinsiale kleure in 'n ander dissipline (bv. baanfiets of *timetrials*) verwerf, sal die kriteria anders werk aangesien dit dan onder buite-kurrikulêre sport val. Indien u meer wil weet, vra gerus vir Juf. Christa Snyman daaroor.

Kontakbesonderhede:


Indien daar enige ander navrae is, kan u ons gerus kontak:

- Christa Snyman (fietsry-organiseerder) – christa.snyman@hsrandburg.co.za
- Eddie Roller (fietsry-afrigter) - 082 5574667 of eroller@mweb.co.za
- Ria Hoar (fietsry-onderwyser) - ontvangs@hsrandburg.co.za

Vriendelike Randjiegroete



C. Snyman
Fietsry-organiseerder



P. Booysen
Skoolhoof

TOESTEMMING, VRYWARING EN DISSIPLINÊRE OOREENKOMS

Hierdie vorm word voltooi, deur die ouer/wettige voog van die leerder (soos hieronder omskryf), om toestemming te verleen tot die leerder se deelname aan skoolverwante aktiwiteite, soos bedoel in die Skolewet, insluitende toere/uitstappies/ligabepalings/optredes van Hoërskool Randburg.

1.	**LEERDERINLIGTING**											
	Naam en Van	("die leerder")										
	Graad											
2.	**SKOOLINLIGTING**											
	Distrik	Johannesburg-Noord D10										
	Naam	Hoërskool Randburg										
	Hoof	P Booysen										
3.	**BESONDERHEDE VAN SKOOLAKTIWITEIT**											
	Tipe aktiwiteit (merk met x)	Oornag toer		Sport bepaling	**x**	Kultuur optrede		Skoolkamp		Ander		
	Doelwit van die aktiwiteit (merk met x)	Sport deelname en ontwikkeling	**X**									
		Kultuur deelname en ontwikkeling										
		Akademiese verryking/deelname										
		Leierskap/persoonsontwikkeling										
		Ander										
	Indien ander, omskryf asb.											
	Bestemming	☐ Oefeninge en Fietsry bepalings soos gestel deur Gauteng School Cycling										
	Datum en tyd van vertrek											
	Datum en tyd van terugkeer											
	Tipe vervoer (merk met x)	Busvervoer (skool en kontrakteurs)		Trein		Vliegtuig		Eie vervoer	**X**			

4. TOESTEMMING VAN DIE OUER/WETTIGE VOOG

Ek _____ (volle naam en van) dié ouer / wettige voog (omkring die korrekte) verleen hiermee toestemming dat die bovermelde leerder die skoolaktiwiteit soos aangedui mag bywoon.
Verder verklaar ek soos volg:

- Dat ek volledig ingelig is en verstaan wat die doel, aard en risiko's van die vermelde skoolaktiwiteit is.
- Dat die program van die aktiwiteit aan my bekend is.
- Dat ek bewus is van en toestemming verleen tot aangeduide vervoer reëlings.
- Dat ander reëlings soos verblyf aan my bekend is.
- Dat ek beskik oor die kontakinligting van die betrokke aktiwiteitshoof/organiseerder/afrigter.
- Dat die betrokke leerder aan die skool en aktiwiteit spesifieke gedragskodes onderworpe is en te alle tye by die reëls moet hou.

Verder verstaan ek dat in die geval van 'n ongeluk of besering van die genoemde leerder, die aktiwiteitshoof/bestuurder alle redelik stappe sal neem om my te kontak om my toestemming tot mediese versorging waar nodig, te verkry. Indien ek nie gekontak kan word nie verleen ek volmag aan die volgende lede van my familie, om namens my toestemming te verleen.

Naam en Van		**Verwantskap met leerder**	**Kontaknommers**	
1.			Selfoon	
			Huis	
			Werk	
2.			Selfoon	
			Huis	
			Werk	

Verder verstaan ek dat ingeval geen van die gespesifiseerde persone beskikbaar is nie, die aktiwiteitshoof/bestuurder *"in loco parentis"* sal optree in belang van die welstand van die leerder.

Ek verklaar dat ek die mediese inligtingsvorm volledig en korrek voltooi het en hiertoe aanheg.
Verder neem ek kennis van die skool en aktiwiteit-gedragskodes en verklaar dat ek my vergewis het van die inhoud daarvan.
Ek verklaar dat die leerder na my beste wete fisies in staat is om aan die gemelde aktiwiteit deel te neem.

5. VRYWARING

Alhoewel alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van die genoemde leerder op die skooluitstappie, besef ek dat daar altyd risiko's verbonde is aan die deelname aan enige sport of ander aktiwiteite Ek besef verder dat sodanige risiko's insluit besering, dood of verlies van eiendom as gevolg van, byvoorbeeld, deelname aan die aktiwiteite, die blote ondersteuning daarvan, reis in voertuie, verblyf, blootstelling aan diere, insekte, defektiewe geboue of strukture, water en ontspanningsaktiwiteite.

Insoverre die reg dit toelaat, doen ek hiermee namens myself en die leerder, en indien reeds 18 jaar oud, doen die leerder selfstandig, afstand van enige eise van welke aard ook al teen Hoërskool Randburg, sy personeel of enige ander persoon betrokke by die Uitstappie ("**HSRB**") wat mag spruit uit enige besering, dood of eiendomsverlies tydens of as gevolg van die aktiwiteit.

Ek vrywaar en hou HSRB skadeloos teen enige skade, eis, regsaksie, vonnis, koste en uitgawes wat teen HSRB aanhangig gemaak of aangegaan mag word ten opsigte van enige:

- verlies of skade aan eiendom tydens of as gevolg van die aktiwiteit;
- dood of besering van welke aard tydens die aktiwiteit, insluitend sielkundige skade of naamskending, en wat voortspruit uit enige oorsaak, insluitend die gebruikmaking van voertuie, fasiliteite, dienste of die inname van kos of vloeistof, of die deelname aan enige geskeduleerde, ongeskeduleerde of vrywillige aktiwiteite van enige aard tydens die aktiwiteit.

As ouer en voog stem ek hiermee in dat die leerder, as minderjarige, gebonde is aan hierdie vrywaring. Indien die leerder nie ingevolge die geldende reg in staat is om van sy/haar regte afstand te doen soos voormeld nie, vrywaar ek HSRB teen enige sodanige eise in my persoonlike hoedanigheid.

Ek aanvaar verantwoordelikheid en hou HSRB skadeloos vir die betaling van alle mediese- en/of hospitaalrekeninge in geval van enige besering wat my kind mag opdoen.

6. KONTAKBESONDERHEDE VAN OUER/WETTIGE VOOG

6.1	Naam en Van		
6.2	Verwantskap aan leerder		
6.3	Adres		
6.4	Kontaknommers	Selfoon	
		Huis	
		Werk	
6.5	Handtekening		
6.6	Datum		

7. KONTAKBESONDERHEDE VAN LEERDER

7.1	Naam en Van		
7.2	Adres		
6.4	Kontaknommers	Selfoon	
		Huis	
6.5	Handtekening van leerder indien 18 jaar en ouer		
6.6	Datum		

8. DISSIPLINÊRE-OOREENKOMS

Hiermee verbind ek _____ (naam en van) in graad _____ my tot die reëls soos hieronder uiteengesit.

Reëls vir toere / uitstappies / ligabepalings / optredes / ander skoolaktiwiteit.

8.1 Respekvolle optrede teenoor mede-leerders, fasiliteerders, toesighouers, ouers en onderwysers word verwag.

8.2 Gehoorsaamheid aan die instruksies van die toerleier, fasiliteerder, toesighouer, ouer en onderwyser word verwag.

8.3 Daar word gehou by geskeduleerde aktiwiteite soos op die program aangedui. Geen afwykings of alternatiewe of "op die ingewing van die oomblik", aktiwiteite word toegelaat nie.

8.4 Geen leerder, of groep leerders, beweeg rond of neem deel aan enige aktiwiteite sonder formele gesanksioneerde toesighouers nie.

8.5 Die gebruik van, of saamneem van enige alkoholiese, tabak of dwelmmiddels of ander onwettige produkte word nie toegelaat nie.

8.6 Optrede teenoor lede van die teenoorgestelde geslag moet aan die hoogste vlak van morele standaarde voldoen.

8.7 Geen afknouery of boelie-gedrag, verbaal en/of nie-verbaal, word toegelaat nie.

8.8 Diefstal van items, produkte of voorrade word streng verbied.

8.9 Rassistiese optrede word ten sterkste verbied.

8.10 Speletjies wat 'n ander leerder se fisiese veiligheid bedreig word ten sterkste verbied.

8.11 Die gebruik van tegnologie en sosiale media om die privaatheid van ander leerders te skend of negatiewe en afbrekende kommentaar te lewer, óf onwaarhede te versprei word verbied.

8.12 Grappies en/of kommentaar rakende terroriste aktiwiteite word verbied.

8.13 Onwelvoeglike samesyn met leerders van die teenoorgestelde of dieselfde geslag is onwenslik en word verbied.

8.14 Geen items van enige aard mag by busse of ander vervoermiddels se vensters uitgegooi word nie.

8.15 Optrede tydens vervoer moet beheersd wees en nie die veiligheid van die bestuurder of ander leerders bedreig nie.

8.16 Water aktiwiteite:

- Geen leerder betree enige "oop" water, dam, rivier, meer of poel sonder 'n behoorlike reddingsbaadjie nie.
- Geen leerder betree 'n boot of enige ander vaartuig op water, sonder 'n erkende reddingsbaadjie nie.
- Geen swem of enige wateraktiwiteit word aan deelgeneem sonder die toestemming en toesig van die toerleier/ aktiwiteitsbestuurder nie.
- Indien 'n leerder nie kan swem nie, mag hy/sy onder geen omstandighede deelneem aan enige wateraktiwiteite nie.

8.17 Hindernisbane:

- Indien 'n leerder aan fisiese beperkinge of siekte blootgestel is, mag daar nie aan sulke aktiwiteite deelgeneem word nie.
- Deelnemers moet die instruksie van die fasiliteerder navolg en nie eie tegnieke of aksies op of in hindernisse uitvoer nie.
- Geen deelname aan hindernisse word sonder toesig toegelaat nie.
- Verseker dat hindernisse bruikbaar en in 'n werkende en goeie toestand is voordat daar deelgeneem word.

8.18 Oorslaap

Elke leerder slaap op die toegewysde plek. Niemand loop in die nag rond nie. Seuns en dogters bly apart. Geen oor en weer gekuier word toegelaat nie.

8.19 Eiendom

Geen vandalisme van enige aard sal aanvaar word nie. Normale gebruik en gebruiksaanwysings waar van toepassing word gebruik.

8.20 Toerlede/leerders op ekskursie of uitstappie mag onder geen omstandighede met onbekende lede van die publiek praat of in voertuie klim of saam wegstap vir watter rede ook al nie.

Geteken te _____ (plek) op hierdie die _____ (dag) van _____ (maand) _____ (jaar).

HANDTEKENING VAN LEERDER: _____

HOËRSKOOL RANDBURG

MEDIESE INLIGTING VAN LEERDER

1.	Leerder (naam en van) ("die leerder")					
2.	Geboortedatum					
3.	Naam van ouer/wettige voog					
4.	Huisadres					
5.	Kontakbesonderhede van ouer/wettig voog	Huis				
		Werk				
		Selfoon				
6.	Werksadres van ouer/wettige voog					
7.	Behoort die leerder aan 'n mediese fonds	JA			NEE	
	Naam van mediese fonds					
	Mediese fonds nommer					
8.	Naam van huisdokter					
	Telefoonnommer van huisdokter					
9.	Allergies vir enige kossoorte	JA			NEE	
	Indien ja, spesifiseer					
10.	Allergies vir enige medikasie	JA			NEE	
	Indien ja, spesifiseer					
11.	Mediese kondisie(s) waarvan die skool moet weet:	JA			NEE	
	Volledige beskrywing van kondisie(s)					
12.	Gebruik u kind tans medikasie	JA			NEE	
	Indien ja, volledige lys van medikasie, waarvoor en wanneer dit geneem moet word.					
13.	Detail van persoon wat hierdie inligting voorsien					
	Naam					
	Kontakbesonderhede					
	Verhouding tot die leerder					
	Handtekening					
	Datum					